

16 Oktober

Skrifgedeelte: Prediker 1 en 2 (OAV)

### Die sin en vreugde van die lewe lê in God alleen

Baie dinge in die lewe skok ons soms tot stilstand. Dit bring “waaroms” by ons: Die skielike, onbegryplike afsterwe van ‘n geliefde; die lydingsworsteling van baie mense; ‘n kind wat deur die geweld van die wêreld getref is. Ja, die gebrokenheid van die lewe hier onder die son bring ons uiteindelik by die vraag: Wat is die sin en doel van die lewe?

God gee deur die boek Prediker aan ons lig in hierdie soeke na die sin en doel van die lewe. In hierdie boek wil die Here ons leer hoe om sinvol en vreugdevol in ‘n gebroke wêreld te leef.

Die Prediker gebruik sy posisie as koning om uit te vind waarin die sin en doel van die lewe lê. Die eerste terrein wat hy ondersoek is dié van werk – besig wees. Moontlik lê die sin van die lewe in dinge wat onbeperkte vreugdes bring, jou altyd laat lag en die moeilike dinge laat vergeet. Sy slotsom is egter: Dit is alles tevergeefs. Dan soek hy sin deur allerlei prestasies te behaal, ‘n eie koninkryk te bou. Maar ook dit loop op frustrasie uit.

Die tweede terrein wat hy ondersoek, is wysheid. As hy tog net die hoogste akademiese kwalifikasie kan bereik. Maar ook hierdie ondersoek eindig in wanhoop. Alles is tevergeefs.

Sy slotsom is dus dat ‘n soeke na die sin van hierdie lewe onder die son uitloop op niks. Intendeel, dit lei tot hooploosheid en frustrasies. Sin en tevredenheid lê nie in die dinge of persone in hierdie wêreld nie. Nee, dit lê in een Persoon: God.

Ons soeke moet in God eindig, want by Hom is die lewe (2:24-25). Hy het die lewe moontlik gemaak toe Hy Jesus Christus na hierdie wêreld gestuur het. Jesus is die Weg, die Waarheid en die Lewe. En die Heilige Gees lei ons in hierdie waarheid. Daarom: Vrees God en hou sy gebooi.

*Sing: Psalm 42:2,3*

*Ds TC de Klerk (Potchefstroom-Suid)*